

Die regte afstand is omgee

“Is COVID-19 dalk die Here se manier om die wêreldbevolking in toom te hou?” vra iemand. Hulle Bybelstudiegroep wil graag weet. Ek sukkel om my skok weg te steek, terwyl ek sê: “Dit klink amper of hulle God sien as ’n regsien-God.” Toe wonder ek by myself of mense, wat so dink, self bereid sou wees om heel eerste aan te meld vir so ’n vermindering van die wêreldbevolking? Of geld dit net vir ander mense op die planeet? Dit lyk my dit is maklik om te spekuleer oor God se planne totdat die moeilikheid jouself tref.

Hoekom wil sommiges so graag een of ander goddelike straf inlees in slegte gebeure? Hoekom is COVID-19 summier ’n straf van God se kant af? ’n Veel beter roete is om saam met die eerste Christene te vra: “Hoe kan ek myself in die Here se Naam in ’n tyd soos hierdie diensbaar maak?” Dit is die regte vraag om te vra. Dan spekuleer ek nie oor God se handeling vanaf ’n onbetrokke, veilige afstand af nie. Die regte afstand lyk anders. Dit is dienafstand, of eerder dien-nabyheid! Dit veroorsaak dat ek betrokke raak by kerklike en ander instansies. Ek help. Ek dien. Ek doen.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie, sy kry baie swaar.
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- *Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Johan Dettmann-het ’n operasie gehad
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel na glistene
- *Bid vir Tannie Bets – vir herstel na nierstene
- *Bid vir Pieter Viocht–het hartaanval gehad–vir volle herstel

Deurgrond my, o God,
deurgrond my hart,
ondersoek my,
sien tog my
onrus raak.

PSALMS 139:23

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vir die week

Nader tot
God en Hy
sal tot julle
nader

Jakobus 4:8 ♥